Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!*
***Yeshua is die hart van die Vader!***

# Parashah 13: *Sh'mot* (שמות) – Name

*Hierdie is die name van die seuns van Yisra'el wat in Egipte ingekom het; elkeen het met sy huisgesin saam met Ya'akov gekom.* Ex. 1:1[1]

**Torah:** Ex. 1:1 tot 6:1.

**Haftorah:** Jes. 27:6 tot 28:13 en Jes. 29:22 en 23

**Nuwe Verbond:** Luk. 5:12 tot 39; Matt. 22: 23 tot 33 en 41 tot 46. Hand. 3:12 tot 15; Hand. 5:27 tot 32; Hand. 7:17 tot 36; Hebr. 11:23 tot 26**.**

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 13 wat afgelaai kan word by: Parashah13Notas14 en Parashah13Notas15.

*In life you have your choice; you can do it the right way or the easy way. And the easy way is not always the right way!* – Anonymous.

*God didn't promise days without pain, laughter without sorrow, or sun without rain, but He did promise strength for the day, comfort for the tears, and light for the way. If God brings you to it, He will bring you through it.* – Anonymous.

*The greatest legacy one can pass on to one's children and grandchildren are not money or other material things accumulated in one's life, but rather a legacy of character and faith.* – Billy Graham.

*Fear is the glue that keeps you stuck. Faith is the solvent that sets you free.* – Shannon L. Alder.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

# Torah Bespreking

## Hersiening

In ons vorige Torah Skriflesing, naamlik die laaste van Genesis, het ons afskeid geneem van Jakob en Josef. Soos genoem, het ons aan die einde gekom van die geskiedenis van ons patriarge en matriarge. Ons het aan die einde gekom van Israel se verblyf in Egipte en het gekom aan die begin van Israel se terugkeer na die Beloofde Land Kanaän!

Maar met ons Torahstudie van Genesis (*B'reisheet*) wat *in die begin* beteken, het ons ook geleer van die begin van die skepping, die begin van die mensdom, die begin van 'n huwelik en huisgesin, die begin van sonde en dood en die begin van YHVH se plan om alles te herstel soos dit aan die begin was. Hierdie begin was ook die uitkies van 'n volk volgens YHVH se soewereine wil om Sy plan van herstel uit te voer. Ons voorvader Abraham was gekies as daardie begin!

Hierdie tweede boek van Moses word in die *Tanakh* (ou verbond) in Hebreeus *Sh'mot* genoem en beteken *Name*. Die naam *Exodus* is 'n Latynse woord wat afgelei is van die Grieks *Exodos* wat *vertrek, inderhaas vertrek* of *uitgaan* beteken. Hierdie boek is in die tweede eeu voor Messias deur die vertalers van die Hebereeuse *Tanakh* in Grieks, bekend as die Septuagint, so genoem omrede dit hoofsaaklik handel oor Israel se bevryding van die Egiptiese slawejuk, hulle uittog uit Egipte en hulle veertig jaar reistog in die wildernis.

### YHVH se plan van herstel

In *Sh'mot* sien ons die volgende stap in YHVH se plan van die herstel van alles tot soos wat dit was voor die sondeval. Hoewel hierdie plan van herstel met een persoon, naamlik Abraham begin het, was die bedoeling om alle nasies daarby in te sluit volgens die belofte aan Abraham van *in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word* (Gen. 12:3; 18:18; 22:18 en 26:4).

Eerstens moes YHVH vir Hom 'n volk versamel deur wie Hy al die geslagte van die aarde kan seën. Hierdie volk het begin met Abraham en sy nageslag, Isak en Jakob, wat uiteindelik in Egipte opgeëindig het – sewentig siele in totaal (Ex. 1:1 tot 5). Maar *die kinders van Yisra'el was vrugbaar en het uitermate vermeerder, hulle het buitengewoon baie geword en die land was vol van hulle* (Ex. 1:7).

Tydens die jarelange verblyf in Egipte was Israel blootgestel aan die Egiptiese afgodery en het dit 'n negatiewe invloed gehad soos ons later sal sien, ondermeer deur die aanbidding van die goue kalf.

Die aanloklikhede van die Egiptiese samelewing het waarskynlik Israel se roeping as YHVH se uitverkore volk verdoof! Was Israel besig om te 'ver-Egipties'? Was Israel besig om hulle identiteit te verloor? Het hulle die belofte van die Beloofde Land vergeet en vergeet dat hulle einddoel nie Egipte was nie? Hierdie afleidings kan ons maak in die lig daarvan dat Israel vir 215 jaar[2] geen poging aangewend het om terug te keer na die Beloofde Land nie. Israel het geestelike slawe van 'n verdorwe samelewing geword lank voor hulle fisiese slawe van Egipte geword het! Daarom moes YHVH ingryp en as te ware die mat van gemaksug en voorspoed onder Israel uitpluk. YHVH moes omstandighede in Egipte skep wat Israel sou dwing om weer op YHVH se plan en doel te fokus.

[2] Hierdie kort video: 'How Long Were The Israelites In Egypt?' (https://www.youtube.com/watch?v=FF0F8YjT1og ) gee konkrete bewys dat Israel slegs vir 215 jaar in Egipte was en waarvan hulle slegs vir sowat 144 jaar slawe was. Dit verduidelik ook hoe Gen. 15:3, Ex. 12:40 en Gal. 3:17 in die geheelprentjie verklaar moet word.

Die voorspoed in Egipte het meegebring dat Israel hulle geestelike erfenis vergeet het! Hulle het die belofte van die Beloofde Land verruil vir die materiële en vir die tydelike! Die nageslag van Abraham, Isak en Jakob het hulle roeping en hulle eindbestemming as volk vergeet!

Hierdie behoort ook vir ons ‘n les en waarskuwing te wees. Soos iemand tereg gesê het: *Assimilation poses a greater danger to the people of God than persecution*! Dit is in tye van verguising en teenspoed dat mense neig om saam te staan en om terug te keer tot YHVH. Dit is dan wanneer die geestelike belangriker word as die materiële! In tye van beproewing is ons identiteit as kinders van YHVH-God en ons verhouding met Hom die belangrikste. Beproewinge is tye van selfondersoek!

Hierdie is die les wat Israel geleer het en wat ons ook ter harte moet neem! Die einddoel van tugtiging is nie die straf nie, maar wel om die vader-kind verhouding te herstel!! Daarom lees ons in die brief aan die Hebreërs die volgende:

**6** *want* יהוה *dissiplineer hom wat Hy liefhet en Hy ontvang hulle met wie Hy tevrede is.”* **7** *Verduur daarom die dissipline, want God behandel julle as kinders. Watter seun word nie deur sy vader gedissiplineer nie?* **8** *As julle nie gedissiplineer word, soos elke persoon gedissiplineer word nie, dan is julle vreemdelinge en nie kinders nie.* **9** *As ons ons vleeslike vaders, wat ons na die menslike liggaam dissiplineer, respekteer; hoeveel te meer is ons nie verskuldig om ons aan ons geestelike Vader te onderwerp nie en ons sal lewe?* Heb. 12:6 tot 9.

**Bepeins of Bespreek**

1. Hoe tugtig YHVH ons? Is dit ondermeer deur ons persoonlike omstandighede negatief te verander? Kan Vader ons wil verander of is ons wil soewerein? Ons moet ophou om Satan vir alle teenspoed en beproewinge te beskuldig en ons moet kan onderskei wanneer is dit die wil van Vader-God en wanneer is dit ‘n aanval van Satan en wanneer is dit weens verkeerde besluite wat ons geneem het. Teenspoed en beproewing vereis eerstens selfondersoek!

2. Ons omstandighede kan in ‘n oogwink verander deur siekte, dood, ‘n ongeluk, ens. Volgens wêreldgebeure leef ons ook in tye waar omstandighede waaroor ons geen beheer het nie, oornag kan verander. Is ons gereed hiervoor? Is ons anker die materiële en gemaksugtigheid of is ons anker, ongeag ons omstandighede, die genade in Yeshua ons Messias en ons verhouding met Vader en Sy Torah?

## Redding Deur Vertroue En Gehoorsaamheid

Op grond van die betekenis van die naam Exodus vind ons een van die sleuteltekse in Ex. 14:30 en 31.

**30** *So het* יהוה *Yisra’el dan dié dag uit die hand van die Mitzrayiete gered en Yisra’el het die Mitzrayiete dood gesien aan die kant van die see.* **31** *Yisra’el het die groot hand gesien wat* יהוה *teen die Mitzrayiete gebring het en die volk het* יהוה *respekvol gevrees en vertrou in* יהוה *en in Moshe, Sy dienskneg.*

Exodus se sentrale tema is dus die *verlossing* (redding, bevryding) van Israel. Dit vertel hoe YHVH Sy uitverkore volk red van die slawejuk van Egipte sodat Hy hulle na die Beloofde Land Kanaän kan neem om die verbond aan Abraham, Isak en Jakob te vervul, asook dat Hy

vir hulle ‘n God en Koning kan wees en dat Israel as ‘n koninklike priesterdom in YHVH se Koninkryk op aarde kan dien en regeer.

Hierdie tweede boek van Moses is ‘n sinnebeeld en bevestiging van redding en versoening alleenlik deur vertroue in YHVH en Sy genade (onverdiende guns) – die liefdevolle omgee van Vader-God.

Hierdie verlossing en liefdevolle omgee van YHVH kan opgesom word in die woorde van Ex. 6:6 tot 8, naamlik:

**6** *Sê daarom vir die seuns van Yisra’el: ‘Ek is* יהוה *en Ek sal julle onder die las van die Mitzrayiete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur ’n uitgestrekte arm en deur groot oordele.* **7** *Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle God wees en julle sal weet dat Ek* יהוה*, julle God, is wat julle uitbring onder die las van die Mitzrayiete* **8** *en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz’gak en aan Ya’akov te gee en Ek sal dit aan julle as ’n besitting gee. Ek is* יהוה*.”*

Exodus leer ons dat hierdie verlossing (redding) geskoei is op die beginsel van die sterwe van die onskuldige in die plek van die skuldige soos uitgebeeld word deur die pesaglam (paaslam) wat geslag was. Hierdie redding is ook alleenlik deur vertroue wat gepaste handeling vereis! Alleen diegene wat met vertroue in YHVH die lam geslag het, en die bloed van die lam aan die deurkosyne gesmeer het, is bevry (gered) (Ex. 12:1 tot 11). Hierdie was ‘n heenwysing na Yeshua Messias – YHVH se Pesaglam!

**28** *Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die mens onskuldig verklaar word deur vertroue en nie deur die doen van die geskrewe wet nie.* **29** *Of is God net God van die Jode en nie ook van die ander nasies nie? Ja, ook van die ander nasies,* **30** *want daar is net een God, wat die besnedenes deur vertroue en die onbesnedenes deur vertroue onskuldig verklaar.* Rom. 3:28 tot 30.

**1***Omdat ons onskuldig verklaar is, sal daar daarom deur vertroue, vir ons vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid by God wees deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een,* **2***want in Hom is ons, deur vertroue, in hierdie onverdiende guns in gebring, waarin ons staan en ons verheug ons in die versekerde verwagting van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God.* Rom. 5:1 en 2.

Soos Abraham deur vertroue gered was, so was Israel ook deur vertroue gered. Redding is alleenlik deur vertroue en nie deur verdienste nie! Maar vertroue tot redding moet altyd gepaardgaan met gehoorsaamheid aan al YHVH se onderrig en instruksies – Sy Torah. Hierdie beginsel het in die ou verbond gegeld en is steeds van toepassing onder die nuwe verbond.

**Opsommend:**

Exodus is die bloudruk dat ons alleenlik deur vertroue in Yeshua, die Lam van God (Joh. 1:29 en 36), gered word en dat gehoorsaamheid aan YHVH se Torah, soos dit in Yeshua Messias vervul is, asook soos dit in die Sktifte van die nuwe verbond openbaar word, die verlossing van ons siel (wil, denke, emosie) is, naamlik die einddoel (resultaat) van ons geloof (1 Pet 1:6 tot 9 – *salvation of your souls*). Verlossing van die siel beteken die sterwe van die eie-ek om dan vry te wees om die wil van YHVH te doen (Rom. 12:1 en 2) en sodoende oorvloedig geseën te word. Eerstens geestelike seën en dan sal al die ander seëninge bygevoeg word (Matt. 6:33).

Maar onthou: Materiële welvaard is nie noodwendig bewys van YHVH se seën nie!

*Let's be done once and for all with this life enhancement Christianity that makes God a means instead of the glorious end that He is!* – Anonymous.

Aanvanklik het Israel voorspoed in Egipte deelagtig gewees. Maar dit wat mettertyd as vanselfsprekende voorspoed aanvaar was, het in teenspoed verander! Die les wat ons hieruit leer is dat ons almal geneig is om voorregte, luukshede en oorvloed as noodsaaklikhede te beskou en dit as vanselfsprekend te aanvaar. Dit wat ons voorheen nie kon bekostig en nie besit het nie kan sogenaamde noodsaaklikhede word in tye wat ons voorspoed ervaar! Ons is baie vinnig om aanspraak te maak op ons regte, maar vergeet meestal dat dit eerder as voorregte beskou moet word.

So maklik kan ons vergeet wie is ons bron van voorsiening in al ons behoeftes en van ons oorvloed!

*Maar onthou יהוה, jou God, want dit is Hy wat jou krag gee om rykdom te verkry sodat Hy Sy verbond kan bevestig, wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is.* Deut. 8:18.

**Bepeins of Bespreek**

1. Jy word wedergebore as `n geestelike baba. Die vernuwing van jou gemoed geskied deur 'n Torah-gehoorsame leefwyse wat jou gedagtes, woorde en dade in ooreenstemming met die van Vader-God bring. Dit is `n groeiproses tot geestelike volwassenheid. Jy moet gelykvormig (in denke, woorde en dade) aan Yeshua Messias word (Rom. 8:29). Dit is `n proses van afsondering (heiligmaking)(1 Pet. 1;15 en 16) tot volmaaktheid (Matt. 5:48).

   - Maar onthou: Met wedergeboorte is jy `n nuwe mens met `n ou verlede. Daarom kan daar dinge (bindinge) in jou verlede wees wat jou verhinder om geestelike volwassenheid te bereik en `n lewe van oorwinning in Yeshua te leef. Dit is van hierdie ou dinge, wat nie met Torah ooreenstem, waarvan jy vry moet kom. Torah-gehoorsaamheid volgens die nuwe verbond leer jou en help jou om vry in Yeshua te wees en as priester volgens die orde van Melgisédek in YHVH se Hemelse Koninkryk diens te doen! Lees ook Heb. 5:12 tot 6:20 en 2 Tim. 3:15.

## Die Afgesonderde Naam

*God sê vir Moshe: "* אהיה אשר אהיה *(EK IS, WAS, SAL WEES WIE EK IS, WAS, SAL WEES)." Ook sê Hy: "So moet jy die seuns van Yisra'el antwoord:* אהיה *(EK IS, WAS, SAL WEES) het my na julle toe gestuur."* Ex. 3:14.

Die volgende is 'n aanhaling uit die boek *God van die Vebond* deur Gerrie Coetzee[3]:

> *Om die God van die Verbond te leer ken, kan ons kyk hoe Hy Homself openbaar deur Sy Naam, wat Sy Karakter en Outoriteit verklaar. Sy Naam is:* יהוה- *(YHWH – **YAHUAH) in Hebreeus** en word meer as 7000 keer in die Bybel gebruik. Meer as 6200 keer in die Tanakh.*
>
> *Baie beweer dat niemand meer die regte uitspraak van die Naam van die Vader, **YAHUAH**, ken nie en dat dit verlore gegaan het. Dit is nie waar nie. Elkeen wat Hebreeus kan lees ken dit, maar sal dit nooit uitspreek nie en vervang die naam met ander woorde soos Elohim (God), Adonai (Meester), Ha Shem (Die Naam), of G_D. Sy*

[3] *God van die Verbond* kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

*persoonlike Naam kan egter nooit vervang word met vae verwysings nie. Hy is die enigste God - met die Naam,* יהוה.

***Ken, verstaan en vertrou jy dié Naam?***

***Spr 30:4b*** *"Wie het al die grense van die aarde vasgestel? Wat is Sy Naam en wat is die Naam van Sy Seun, as jy weet?"*

*Farao het gesê hy ken Hom nie (**Eks 5:2**) en sal daarom ook nie gehoor gee aan wat Hy sê nie. Dit is my vermoede dat die meeste mense Hom nie ken nie en dus nie sal luister na wat Hy sê nie. Selfs "Christene" se ongehoorsaamheid spruit uit hulle onkunde van die enigste Ware, Lewende God,* יהוה *en Sy Karakter. Hy belowe dat ons Hom persoonlik kan KEN **(Mat 11:27; Yog 14:7; 1 Yog 5:20)** - daardie woord beteken eintlik, dat ons met Hom 'n **verbondsverhouding** kan hê!! Dit is belangrik, want Hy wys hulle wat Hy nie geKEN het nie, weg van die deur van die Koninkryk, **Mat 25:12; Luk 13:25**. Die wêreld sal die kinders van God vervolg, omdat hulle Hom nie KEN nie – **Yog 16:3.** Ek dink dit is onnodig om te sê: Dit is van **ewige lewensbelang** om Hom te KEN - 'n verbondsverhouding met Hom te hê. Dit is wat ware redding beteken!!*

Die Karakter en Outoriteit van YHVH is in Sy Naam verskuil. Hierdie is 'n geheimenis waarvan ons as te ware nog net die oortjies van die seekoei sien. In Ex. 3:14 kry ons wel 'n aanduiding daarvan toe YHVH vir Moses gesê het: *"* אהיה אשר אהיה *(EK IS, WAS, SAL WEES WIE EK IS, WAS, SAL WEES)."* Hierdie woorde bevat ondermeer die volgende hoedanigehde van YHVH:

- *Ek Is, Was, Sal Wees Wie Ek Is, Was, Sal Wees.* YHVH is Enig en onveranderbaar!

- Dit bevat ook die gedagte van *Ek sal red op die wyse wat ek sal* (*wil*) *red*. Dit word bevestig in die Hebreeuse letters van Sy Naam: *yod, hey, vav, hey* ( יהוה – bekend as die Tetragram), naamlik *yod* (hand), *hey* (openbaar, venster, red), *vav* (spyker, hak), *hey* (genade). Ons sien dus die prentjie van die deurboorde hand wat red (verlos) deur genade.

- Wat dit ook beteken is dat ons YHVH slegs met Homself kan vergelyk en met niks anders of met geen ander god nie. Ons kan YHVH met niks anders wat ons ooit gesien het, of gedink het, vergelyk nie. Soos Jes. 40:18 dit stel: *Met wie wil julle God gelykstel, of watter gelykenis Hom mee vergelyk?* Gerrie Coetzee verduidelik dit soos volg:

  יהוה *(YHWH) - YAHUAH - EK IS. Dit is die persoonlike Naam van God soos Hy Homself aan Moshe openbaar het (**Eks 3:14**) en staan bekend as die "Tetragram." Ek kan hoe probeer, maar ek kan nie die betekenis van die Naam weergee nie – alles wat gesê word kom te kort! Geen taal is ryk genoeg om dit weer te gee nie. Dit is 'n "EK IS" in 'n absolute vorm – enige iets wat ek daarby kan sit verklein of verlaag die betekenis. As ek sê Hy is wonderbaarlik, groot, afgesonderd, ens., dan beperk ek Sy Naam en die uitbeelding van Sy Karakter en Outoriteit. Nee – HY IS. Al die ander name en karaktertrekke wat ons daarby voeg is net vir ons om dit te kan verstaan, maar ek wil hê u moet begryp, niks kan die volheid van hierdie Naam omvou nie. Nou sal u verstaan dat Hy kan verwag om as afgesonderd beskou te word en die reg het om te sê dat ons ons moet afsonder van alles wat nie van Hom af is nie.*

YHVH is Vader-God se gedenknaam van geslag tot geslag (Ex. 3:15). Hierdie Naam is soos ‘n gedenkteken wat alles omvat wat die Karakter, Hoedanighede en Outoriteit van YHVH verteenwoordig.

Yeshua is die brug (toegang, deur, die weg) tot die Karakter en Outoriteit en Hoedanighede van hierdie Naam (die wese van YHVH).

**10** *Hy was ín die wêreld en die wêreld bestaan deur Sy hand en die wêreld het Hom nie geken nie.* **11** *Hy het na wat Syne is, gekom en Sy eie het Hom nie ontvang nie,* **12** *maar aan dié wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Outoriteit en Karakter vertrou;* **13** *díe wat nie vanuit die bloed, of vanuit die begeerte van die vlees, of vanuit die begeerte van ’n man nie, maar vanuit God, gebore is.* **14** *Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, ’n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is.*
**15** *Yoganan het van Hom getuig en uitgeroep en gesê: “Dit is Hy van Wie ek gesê het dat Hy ná my kom en tog voor my was, want Hy is belangriker as ek.”*
**16** *Vanuit Sy volheid het ons almal onverdiende guns op onverdiende guns ontvang,* **17** *want die wet is via Moshe gegee; die onverdiende guns en die waarheid het via Yeshua, Die Gesalfde Een, bestaan.* **18** *Niemand het God nog ooit gesien nie, maar die enigste Uniekgeborene van God, wat aan die bors van die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.*
Joh. 1:10 tot 18.

Daarom is dit belangrik om Yeshua ook te ken as die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die Vader die ou verbond en nie net as Yeshua van die nuwe verbond nie.

**God of Elohiem?**

Sommige gelowiges is van mening dat die woord ‘God’ nie as titel vir YHVH gebruik moet word nie, want dit het ‘n afgode verbintenis en daarom moet ‘Elohiem’ gebruik word. Maar is hierdie siening korrek? Onderstaande is die artikel wat deur Gerrie Coetzee oor hierdie onderwerp geskryf is:

## Die “God” - “Elohim” probleem

deur

Gerrie C Coetzee (gerrie@padwlewe.ch; webblad: http://www.padwlewe.ch)

Volgens my ‘n geskepte probleem oor die korrektheid van die gebruik van die woord “God.”

Hierdie is nie ligtelik geskryf nie. Ek het vanuit elke moontlike rigting, maar sonder vooraf opgestelde idees en verwagtings na die geskiedenis en agtergrond van die woorde gekyk. My gevolgtrekking is dat dit geen grond het nie. Ek verstaan as mense dit glo, dit is die agtergrond en lering wat hulle het, maar dit is nie korrek nie. Aangesien al ons materiaal, insluitend die Bybel, gratis is het ons ook geen rede om ‘n voorkeur te wys nie, behalwe wat die waarheid is.

Elohim is die naam van die pantion van gode (meervoud) wat in Kanaan was toe die Israeliete daar opgedaag het. So is *el* die enkelvoud wat die hoofgod genoem is. Nou wonder ek net watter god word deur die mense aangehaal?? Taalkundig is die woord egter ‘n gewone selfstandige naamwoord wat binne ons huidige tyd en taal ‘n voorwerp van aanbidding beteken. Ek het ook eers daardie eng weg gevolg en weet vandag dat dit mense verwar, geskep is om Bybels en vertalings te verkoop en baie verwerping en hartseer veroorsaak het.

Net soos die Kananiete die woord gaan toepas het op ‘n god so is gedoen met die woord Göht. In geen oomblik van die geskiedenis van ons taal is daar enige verwysing of raamwerk om dit met ‘n afgod te verbind nie. In ons taal - Afrikaans - beteken God met ‘n hoofletter die enigste en ware Vader, maar is nie Sy Naam nie, met die naam wat HYself gegee het. God as woord is niks anders as die Snw. vir dit wat deur mense aanbid word nie. elohim, eloha en el word op presies dieselfde manier in die Woord gebruik.

Slegs vir hulle wat Hebreeus as nuwe afgod aanbid is daar ‘n verskil in die woorde want taalkundig is daar geen. Ek het dieselfde pad gestap. ‘n Diepgaande studie oor Gen 11 sal duidelik wys dat nie dit of geen bestaande taal die oorspronklike is nie. Waarom konsentreer mense nie liewer op die volheid van die Waarheid van die Woord en hou op Demone soek in woorde waar dit nie is nie, maar wel in gesindhede. Ons het ook die Gees van Afsondering en het deur mense tevrede te stel die woorde al menigmaal verander - totdat ons geleer het om Vader se stem alleen te volg. Dit is wat ons nou doen - as mense ons wil ondersteun deur aanbevelings wat op die waarheid en Gees gebasseer is, is hulle welkom. Ons het egter geen “heilige” taal nie. Ons het die Nuwe Verbond en Bybel in 3 tale vertaal en in elkeen van hulle is dieselfde soort keuses en “gekoppelde” woord. In Tibetaans byvoorbeeld is die woord “Heilig” alhoewel ons dit nie gebruik nie - ‘n verwysing na die Dalai Lhama self. Net om vb te gebruik. Omdat dit ‘n huidige verwysing in elkeen se hart is, is dit logies om dit nie te gebruik nie. Dit is ‘n naam van die Dalai Lhama. Hier het ons egter met ‘n vedraaide geskiedenis en storie te doen met motiewe by. Jammer ek gaan nie weer vir sulke stories val nie. Mense moet gerus dan (en ek noem dit slegs as verstaan-meganisme) hulle Bybels met Kananitiese gode lees. Komaan !!??

**Barnes**
אלהים *'elohiym*, The noun אלוה *‘elo ah* or אלה *‘eloah* is found in the Hebrew scriptures fifty-seven times in the singular (of which two are in Deuteronomy, and forty-one in the book of Job), and about three thousand times in the plural, of which seventeen are in Job. The Chaldee form אלה *‘elah* occurs about seventy-four times in the singular, and ten in the plural.

**Stelling uit “The Scriptures”**

> “English translations have traditionally rendered it as “God” or as “god(s)” in most instances. However, the Hebrew word “elohim” is the plural form of “eloah”, which has the basic meaning of “mighty one”. This word is not only used for deity, but is used in Scripture for judges, angels and idols (Shemoth / Ex. 7:1; 9:28; 12:12; 22:8,9; Tehillim / Ps. 8:5; 82:1,6) besides being used frequently for the Almighty. The shorter forms, “el” and “elim” have the same basic meaning and similar usage.”

L**ees die stukkie ‘n paar keer deur en kyk wat werklik gesê word. Die woord elohim beteken nie net Die Lewende Skepper God nie maar ook gode ens. So wat is die punt om dit dan alleenlik te gebruik as jy erken dit beteken ook gode ens. waarvan jy wil wegkom? Dit is mos sinneloos. Dit is presies dieselfde woord, net in ‘n ander taal.**

**Nog ‘n aanhaling uit “The Scriptures 1998”**
**Gad or God**

> Apart from Gad, the son of Ya’qob there was another “Gad.” The astrologers of Baḇel called Jupiter (Zeus) by the name “Gad.” He was also well known among the Canaanites (the Kena’anites) where his name was often coupled with Ba’al, Ba’al Gad, which according to the Massoretic vowel pointing in the Book of Yehoshua is pronounced: Ba’al God. This same name is discovered in the ancient Germanic languages as *Gott, Goda, Gode, God, Gud, Gade.* And searching further back into its Indo-Germanic (Indo-

> European) roots, we find that it traces back to the word *GHODH*, which means "union," even "sexual union." No wonder this meaning is still evident in the Dutch and German *gade*. It is also not difficult to see it in the English "gadfly" and "gadding about."

Ek het vir baie jare in die Ooste gewerk. Die Hindoes het 333 000 000 (333! Miljoen) gode - ongeveer!!! As ek die spelling verbuigings wat hierbo as bewyse aangehaal word gebruik sal jy nie een enkele Afrikaanse woord kan gebruik nie!! Dit is nie navorsing nie, maar lyk vir my, en ek kan verkeerd wees, asof dit 'n bewys gesoek is vir 'n besluit wat gemaak is. 'n Taal funksioneer met woorde wat 'n verwysingsraamwerk het. Dieselfde mense vertel jou nie dat el en elohim die verwysende woorde in die antieke tale was vir hulle afgode nie. Ek gebruik dus daarvolgens eerder gladnie die woorde el of elohim om na my God te verwys nie!!!!! Hoop jy sien die siniese strekking van wat ek sê. Tog - kyk na wat geskiedkundiges oor antieke volke vertel:

**Faith System of Gods and Goddesses (Canaanite Gods and Godesses)**

> The Phoenicians worshipped a triad of deities, each having different names and attributes depending upon the city in which they were worshipped, although their basic nature remained the same. The primary god was El, protector of the universe, but often called Baal..... Baal, also known as El. In 1978, Israeli archaeologists excavating at an eighth-century B.C. site in the eastern Sinai desert found several Hebrew inscriptions mentioning Ba'al and El in the form of "Elohim," a name used to refer to God in the Hebrew Bible. Further, whenever the Jews refer to God or our God they use "Eloh, Elohaino or Elohim."

Die woord el en sy meervoud is deur nasies deur die eeue gebruik om 'goddelikheid' aan te dui en die Yisra'eliete het dieselfde woord gebruik.

**Kom ons kyk na ISBE verduideliking.**

> One of the oldest and most widely distributed **terms for Deity** known to the human race is 'El, with its derivations 'Elim, 'Elohim, and 'Eloah. Like theos, Dens and God, **it is a generic term**, including every member of the class deity. It may even denote a position of honor and authority among men. Moses was 'Elohim to Pharaoh (Ex 7:1) and to Aaron (Ex 4:16; compare Judg 5:8; 1Sam 2:25; Exod 21:5; Exod 21:6; Exod 22:7 ff; Ps 58:11; Ps 82:1). ****It is, therefore, a general term expressing majesty and authority, and it only came to be used as a proper name for Israel's God in the later period of abstract monotheism when the old proper name Yahweh was held to be too sacred to be uttered.** The meaning of the root 'El, and the exact relation to it, and to one another, of 'Elohim and 'Eloah, lie in complete obscurity. ..... In the Old Testament they **signify only the general notion of Deity.** ('Bold' is myne.)

** Dus nie vir ons aanvaarbaar as 'n Naam nie. Dit is een van die vervangings wat gebruik is om nie Vader se Naam uit te spreek nie. Nog 'n rede vir my om dit nie te aanvaar nie.

Ons praat Afrikaans en die Bybel word in Afrikaans vertaal - as ek enigsens oortuig was van iets anders sou ek dit mos gebruik het - **ek hoef nie die Bybel te verkoop nie en soek dus nie bewyse vir wat ek gedoen het sodat mense dit kan aanvaar nie. Ek soek wel net die waarheid.** Ek het 'n uitgebreide ondersoek gedoen en aan Afrikaans-sprekende mense gevra wat beteken die woord "God." 100% van die mense het die verwysing gemaak na die Ware, Enigste, Skepper God op verskillende maniere. As dit ons mense se verwysingsraamwerk is met 'n onskuldige generiese woord - waarom die Hebrees of Aramees gebruik wat mense

geraai het wat dit beteken, maar nie weet nie. Mense het met ‘n afgeleide betekenis en oorsprong groot verwarring veroorsaak. Ek het ook in die studie gevind dat mense “elohim” en “el” beskou as God se Naam!!? wat nie waar is nie – so is verwarring veroorsaak deur ‘n afgeleide betekenis. Hoe goed ook die bedoeling, en ek het vriende wat net dit gebruik, dit is nie korrek nie. As gevolg daarvan dat mense dit as Vader se Naam beskou veroorsaak dit steeds verdere verwarring.

Ps 82:1 is ‘n goeie voorbeeld hoe mense hulleself kan vaspraat: “God staan in die godsvergadering; Hy oordeel oor die gode.” Al hierdie woorde is el of elohim - hoe nou? Is jou elohim nie maar net ook een van die gode nie?

‘God’ is ‘n generiese selfstandige naamwoord soos boom. Daar is bome, maar een olyfboom. Nou mag ek nie die woord boom gebruik nie, want dit verwys ook na ‘n doringboom? Uhh? Die Woord God met ‘n hoofletter is die selfstandige naamwoord wat vir alle Afrikaanssprekendes verwys na die Enigste, Lewende en Skepper God en nie Sy Naam, wat net: **Yes 42:8** “Ek is יהוה, dit is My Naam; Ek sal nie My eer, lof en aanbidding aan ‘n ander gee nie, of my lofprysing aan gesnede beelde nie.” is nie. Ek sal Hom nie op ‘n ander Naam noem nie, ook nie el nie. Hy is die Enigse Lewende Skepper God wat ons erken - maar dit is nie Sy Naam nie.

Ek het nie tans tyd om my navorsing en wat ookal nog volledig deur te gee nie. Dit sal ook nie ‘n verskil maak nie, want mense volg sekere strome. Ek vertrou egter dat hierdie skrywe mense sal laat dink oor ware Waarheid en hulle laat konsentreer op Hom wat waarheid is. Hierdie onnodige verdeling deur woorde is die rede hoekom baie nie volg nie.

Ek sal lief bly vir mense, onafhanklik van hoe hulle Hom noem, maar hoe hulle Hom dien en leef volgens Sy wil en wet. Vat die volgende maar soos dit kom. Hier is wat iemand vanuit Yisra’el leer.

> In a similar legalistic way, some believers have been told that the English titles of ‘God’ and ‘Lord’ are not to be used because they are the names of pagan entities. The problem with this convoluted thinking is that Yahveh Himself uses their Hebrew counterparts in speaking of both Himself and of pagan gods.
>
> The Hebrew word that is usually translated as ‘God’ or ‘god’ is elohim (pronounced eloheem). It’s used more than 2,200 times in Scripture for both Yahveh and other gods. The Hebrew word that is translated into English as ‘Lord’ or ‘lord’ is adon(ay). It’s used many times of Yahveh, as well as others (both pagan gods and men).
>
> The Hebrew-Aramaic Lexicon of the Old Testament states that adon is used for Yahveh more than 400 times.The Hebrew words Adon and Adonay are used for Yahveh, with Adonay being used exclusively for Yahveh (while Adon is used of both men and Yahveh). The word adonay literally means ‘my lords,’ which then is seen as ‘my lord,’ and finally, the Lord.
>
> A great example of Yahveh Himself using both words to describe Himself is seen in Isaiah: “Thus says your Lord (Adonai), Yahveh, and your God (Elohim), who pleads the cause of His people…” (Isaiah 51:22).
>
> Yahveh used both Adonai and Elohim to describe Himself, knowing full well that those words were not only used of other entities, but that He Himself used them of other entities. If the Creator used elohim and adon(ai) to refer to Himself, and also, to be

referred to by others (e.g. the prophets), while the terms are also used of other gods, it cannot be ‘pagan’ or sin for English speakers to say ‘God’ or ‘Lord’ in relation to the Father or the Son.

Ek glo dat dit wat ons doen en leer die beste is vir die Koninkryk, anders sal ons dit verander. Mag eenheid vir ons belangriker wees as ons opinie. Moene dat verskille verdeeldheid bring nie.

Gerrie Coetzee.

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is* (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*

## Rabbynse Judaïsme: Het Jy Geweet?

## Deel 9: Wie Is Jou Rabbi?

### Hersiening

In Deel 7 is Kabbalah as deel van Rabbynse Judaïsme bespreek, asook die oorsprong daarvan wat teruggevoer kan word na antieke Babilon. In Deel 8 is die Zohar bespreek wat as die “heilige skrifte” van Kabbalah beskou word. Kabbalah en die Zohar loop hand aan hand!

Die belangrikste is om te verstaan dat die Talmud, Kabbalah en die Zohar met Babiloniese afgodery besoedel is!! Babilon beteken ‘verwarring’ en Satan het ten doel om verwarring te skep deur die waarheid en die leuen te meng op ‘n wyse dat dit steeds soos die waarheid lyk!

In Deel 1 tot 6 het ons bewys gelewer dat Rabbynse Judaïsme ‘n ernstige misleiding is! Daarom is Rabbynse Judaïsme met hulle Talmud, asook Kabbalah met die Zohar die gees van die Antimessias en is dit ‘n gruwel in YHVH se oë.

*One of the most common deceptions among Christians returning to the Jewish Roots of the Faith is the entanglement with unbiblical “Jewish” traditions and especially the Kabbalah and the Talmud! It is imperative that we understand that not everything “Jewish” is also “Hebrew” or Biblical.* ***Judaism is a religious system much like Christianity that its source is in the poisonous tree of Knowledge of Good and Evil.*** **(***http://kad-esh.org/flee-the-kabbalah-deception/*)

Deel 9 sal die laaste in hierdie reeks wees en die vraag wat elkeen sal moet antwoord is: Wie is jou Rabbi (Leermeester)? Is dit Yeshua Die Gesalfde Een of is dit Rabbynse Judaïsme?

# Wie Is Jou Rabbi?

In ‘n skrywe wat in 2015 van die Hebrew Roots Teaching Institute (HRTI) ontvang is, naamlik *HTG’s Beit Psak Constitution (2015)*, maak hulle die volgende stelling:

*Believers from the house of Israel, also known as Ephraim or Joseph, who is generally known as ‘Messianics’, is commanded by the Torah to listen and learn from the House of Judah.*

Ondermeer word Sag. 8:19 tot 23 as bewys hiervoor aangehaal, veral vers 23 waar die profeet Saggaria sê:

*So sê יהוה-Tzva’ot: ‘In daardie dae sal tien man vanuit al die nasies die kleed van ’n man van Y’hudah vasgryp en sê: “Laat ons saam met julle gaan, want ons het gehoor dat God by julle is.* (PWL[4]).

In hierdie skrywe van die HRTI word ook die volgende stelling gemaak:

*How arrogant of the "church" and “Messianics” to come and pretend they can teach the Jews. No, Scripture has it that the Messianic lost sheep will eventually learn from Judah concerning the Divine Constitution during the Olam Habah. This Divine 'Constitution' is enshrined in the Torah of Israel. Its judicial interpretation has been Divinely mandated to the Tribe of Judah (the Jews and their spiritual leaders of today, the Rabbis).*

Die onmiddelik vraag is of Yeshua met hierdie skrywe (‘opdrag’) van HRTI sal saamstem? Dit behoort van selfsprekend te wees dat Yeshua nie so iets aan Sy dissipels sal sê nie! Ons kan dit met sekerheid weet, want Yeshua het juis gewaarsku teen die suurdeeg van die Fariseërs (Matt. 16:6 tot 12). En ons weet dat Rabbynse Judaïsme is gebou op die fondament van Fariseïsme. Hierdie suurdeeg van die Fariseërs is hulle leerstellings:

*Toe het hulle verstaan dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van brood nie, maar vir die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs.* Matt. 16:12 – PWL.

Ons kan dus met sekerheid aanvaar dat Yeshua ook vandag aan ons sou sê: *Pasop vir die suurdeeg – die leerstellings – van Rabbynse Judaïsme*! Na wie luister jy? Na die woorde van Yeshua Messias of na die woorde van die HRTI en Rabbynse Judaïsme? Wie is jou Rabbi – jou Leermeester?

Dit is feitlik ondenkbaar dat HRTI verwag dat ons by Rabbynse Judaïsme moet gaan leer terwyl ons weet dat hulle Yeshua as Messias verwerp en dit deel vorm van hulle leerstellings. Maar veel meer was my verbasing toe ek lees: *How arrogant of the "church" and “Messianics” to come and pretend they can teach the Jews.* Ek sou reken dit is arrogant van Rabbynse Judaïsme om Yeshua as Messias te verwerp! Dit is om in die kring van spotters te sit (Ps.1:1) en om hulle eie geregtigheid op te rig! Soos Paulus kan ons ook die volgende van Rabbynse Judaïsme sê:

*Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding. **Want ek getuig van hulle dat hulle ‘n ywer vir God het, maar sonder kennis**. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.* (Rom. 10:1 tot 3).

[4] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Die probleem met talle gelowiges van die Messiaanse Beweging (*Hebrew Roots Movement*) is dat hulle begin om die Skrifte van die nuwe verbond te verwaarloos of om dit (of sommige dele daarvan) te bevraagteken. Daarom is baie geneig om te vergeet wat Yeshua van die Fariseërs gesê het, of om dit nie te beskou as deel van die Skrifte van die nuwe verbond nie. Maar laat ons onsself herinner aan Yeshua se woorde:

*Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self.* Matt. 23:13 tot 15

*Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat.* Matt.23:23

*Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid.* Matt. 23:25

*Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is.* Matt. 23:27

*Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die regverdiges;* Matt. 23:29.

*Yeshua sê vir hulle (die Fariseërs): "As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur. Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie. Julle is van julle vader, die teëstander, en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is 'n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan, maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat. Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie? Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie."* Joh. 8:42 tot 47 – PWL.

Selfs Johannes was openlik oor sy siening van die Fariseërs en Sadduseërs soos geskryf is in Matt. 3:7.

*Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is?* Matt. 3:7

Al bogenoemde woorde van Yeshua, asook die van Johannes, is genoeg rede vir elkeen wat glo in Yeshua as die Messias om nie Rabbynse Judaïsme as leermeester te beskou nie. Yeshua het ons gewaarsku dat die Leerstellings van die Fariseërs, en dus van Rabbynse Judaïsme, suurdeeg is wat verwyder moet word.

Baie roem op hulle kennis van die leringe van Rabbynse Judaïsme, maar laat ons ook in die verband Paulus se woorde onthou:

*Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie?* 1 Kor. 5:6.

*Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.* 1 Kor. 5:8

Beteken dit dat ons alles van Rabbynse Judaïsme moet verwerp? Nee, maar ons moet met baie groot versigtigheid die vis van die grate skei. Onthou egter:

- Dit is maklik om die vis van die grate te skei wanneer ons snoek eet, maar dit is baie moeilik om die vis van die grate te skei wanneer ons sardientjies eet! Dan eet ons die sardientjie met grate en al! Is dit nie die klein bietjie suurdeeg wat die hele deeg suur kan maak nie?

- Net soos die Christendom 'n mengsel van leuens en waarheid is, so ook is Rabbynse Judaïsme.

- Rabbynse Judaïsme het al tweeduisend jaar gelede gekies om te glo dat Yeshua nie die Messias is nie, of anders gestel, dat YHVH nie 'n Seun het nie. Dit is die groot probleem waarmee ons sit indien ons glo dat hulle ons leermeesters van Torah is! Onthou: Rabbynse Judaïsme verkondig, net soos die Christendom, 'n halwe waarheid!

In die skrywe van HRTI word Gen. 49:1 ook gebruik as bevestiging dat *Judah (the Jews) would retain the ruling legal authority amongst the Twelve Tribes of Israel "... UNTIL Shiloh (Y'shua Messiah) physically comes to earth," to whom the ruling authority "over the nations" belongs.* Wat HRTI skynbaar nie verstaan nie, is dat Yeshua het gekom om 'n hemelse koninkryk te vestig wat met Sy wederkoms fisies sal manifisteer.

Silo (Yeshua) het gekom en die Koninkryk van die Hemel se Melgisedek Priesterorde is herstel. Yeshua is nou die Wetgewer (Koning) met Sy wette wat geopenbaar is in die Nuwe Verbond, naamlik die Torah van die Messias. Hy is ons Ewige Hoofpriester volgens die orde van Melgisedek.

*As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?*
*Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,*
*want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,*
*want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroei het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie.*
*Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.*
*Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,*
*want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,"*
*want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie,*

*want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit.* Heb. 7:11 tot 19 – PWL.

Ons is 'n koninklike priesterdom en ons staan nie onder die gesag van die Levitiese priesterorde nie! Volgens die brief aan die Hebreërs het daar 'n verandering in die wet (Torah) gekom, naamlik in die priesterorde en die offerandes. Onthou: Die beplande tempel wat waarskynlik binnekort gebou gaan word gaan 'n Levitiese priesterorde weer instel. Elkeen sal dan moet kies tussen die Melgisedek priesterorde en die Levitiese priesterorde. Wat gaan jy kies? Maar jy moet nou reeds jou keuse maak!!

HRTI se gebruik van Sag. 8:19 tot 23 as bewys, getuig ook van hulle geestelike blindheid. Lees aandagtig wat is geskryf in verse 20 tot 23 en veral vers 23.

*So sê* יהוה*-Tzva'ot: 'Volke sal kom, die inwoners van baie stede.*
*Die inwoners van een sal gaan na 'n ander en sê: "Laat ons dadelik gaan om die onverdiende guns van* יהוה *te vra en om* יהוה*-Tzva'ot te soek; ek sal ook gaan!"*
*So sal baie volke en magtige nasies kom om* יהוה*-Tzva'ot in Yerushalayim te soek en om die onverdiende guns van* יהוה *af te smeek.'*
*So sê* יהוה*-Tzva'ot: '**In daardie dae** sal tien man vanuit al die nasies **die kleed van 'n man van Y'hudah** vasgryp en sê: "Laat ons saam met julle gaan, want ons het gehoor dat God by julle is."*

Hierdie profesie is reeds vervul! Let op dat vers 23 verwys na *daardie dae*! Dit verwys na daardie dae wat 'n man (enkelvoud) uit die die stam van Juda te voorskyn sal kom. Daardie man is Yeshua wat uit die stam van Juda gekom het en Sy kleed van geregtigheid is deur tien man, naamlik mense uit verskillende volke, vasgegryp. Ons leef huidig in daardie dae!!

Die International Standard Version vertaal dit soos volg:

*This is what the LORD of the Heavenly Armies says: "In the future, ten men speaking all the languages of the nations will grab hold of one Jewish person by the hem of his garment and say, 'Let us go up to Jerusalem with you, because we heard that God is with you.'"*

Figuurlik gesproke het Yeshua se dissipels Sy kleed 'vasgegryp' en Hom gevolg, en letterlik was daar diegene wat Yeshua se kleed aangeraak ('vasgegyp') en Hom gevolg het vir hul genesing.

*En daar het 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, van agter gekom en die soom van sy kleed aangeraak. Want sy het by haarself gesê: As ek maar net sy kleed kan aanraak, sal ek gesond word.* Matt. 9:20 en 21.

*en hulle het Hom gesmeek dat hulle net maar die soom van sy kleed mag aanraak; en almal wat dit aangeraak het, het gesond geword.* Matt. 14:36.

Die geskiedenis van Josef en sy broers is ook 'n sinnebeeld dat dit die huis van Juda is wat voor die huis van Josef (Efraim) sal buig. Dit is Juda wat Josef verkoop het en so ook het die huis van Juda vir Yeshua 'verkoop'. Juda het sy vader Jakob se geliefde seun Josef verwerp en so het Rabbynse Judaïsme ook YHVH se Seun verwerp. Hierdie sinnebeeld word ook in die Skrifte van die nuwe verbond herhaal. In haar artikel 'Jona: Duif' (**JONA (Duif) 2015.2**) verduidelik Ina van Niekerk dit soos volg:

> *In Matt. 27:16 – 26 en ooreenstemmende plekke in die ander evangelies lees ons van Barabbas.*

*Dis "Bar Abbas". Seun (bar) van die vader (Abba-s), maar watter vader?*

*BarAbbas was 'n gevangene omdat hy 'n dief en 'n moordenaar was (Joh. 18:40, Mark. 15:7, Luk. 23:18). Hy was dus vanaf die duiwel as vader (Joh. 8:44).*

*Aan die ander kant is daar JaHUsha die Messias wat vanaf Sy Vader kom. Hy en die Vader is een.*

*Sy Vader was JaHUaH (Joh. 5:43, Joh. 17:1 - 26). JaHUsha het met Sy Vader gepraat toe Hy op die folterpaal was (Luk. 23:34, Luk, 23:46).*

*Die naam "BarAbbas" hier in Matt. 27 het **gesinspeel** op diegene wat **Satan**, die Anti-Messias, **as hulle vader sou kies**, soos hulle "BarAbbas" hier gekies het.*

*Toe hulle gevra word wie **losgelaat** moet word, "BarAbbas" of JaHUsha (Matt. 27:19), het hulle uitgeroep: "BarAbbas".*

*Tydens Jom Kippur word daar die lot gewerp tussen twee bokke (Lev. 16:8 – 10). Die een bok word geoffer as sondoffer vir ons sondes (Jes. 53, Rom. 4:25).*

*Dit het gedui op JaHUsha en die dood wat Hy sou sterf ter wille van ons sondes.*

*Die ander bok, die sondebok, **Asasel,** word dan **losgelaat** in die woestyn. Net soos wat **BarAbbas"** hier **losgelaat** is!*

*In die boek van Henog lees ons van Azazel (Henog 54,55). Hy word as Satan uitgebeeld. Asasel, die sondebok, is Satan.*

*Dieselfde patroon word gegee in Lev. 14:4 -7 met twee duiwe. Een word geslag, en een word vrygelaat.*

*Daar is egter 'n sinspeling met name op hierdie kritieke tyd tweeduisend jaar gelede, waar daar gekies moes word deur die mense. BarAbbas of Messias JaHUsha.*

*BarAbbas, Asasel, het sy volgelinge, naamlik **diegene wat nie die Messias kies nie**, maar wat JaHUsha as Messias weereens "**dood**" verklaar.*

*BarAbbas was soos 'n politieke leier van sy tyd en het hulle bevryding van die Romeinse juk belowe. Hulle het nie 'n lydende Messias verwag soos wat JaHUsha was nie.*

*Maar tog het ander Jode soos Sy disspels JaHUsha gevolg as hulle groot Hoë Priester in die Orde van Melgisèdek.*

*Dit is "Silo" (Shilo) wat gekom het (Gen. 49:10), die Koninkryk van die Hemel se Priesterorde wat herstel is, en Hy is nou die Wetgewer met Sy wette wat geopenbaar is in die Brit Chadashah, naamlik die Torah van die Messias.*

*Diegene wat Hom gekies het, het afstand gedoen van enige Judaïsme. Dis **daar** waar die **skeiding** al gekom het!*

*BarAbbas die moordenaar, is vrygelaat en JaHUsha wat onskuldig was, is wat hulle betref, vermoor.*

*Hand. 3:14 "En julle het die Afgesonderde en Regverdige verloën en gevra dat 'n moordenaar aan julle geskenk word."*

Hoewel HRTI skryf dat *there is nothing wrong with the Oral Law but it must and can never contradict or supersede the Written Law (Torah)*, en ek hiermee kan saamstem, moet ons wel die volgende vraag vra: Hoe verwag HRTI dat geestelike babas hierdie onderskeid moet kan maak? 'n Geestelike baba sal eet wat hy gevoer word, veral as hy regtig honger is! Daarom:

## Geestelike babas wat by Rabbynse Judaïsme leer is 'leeukos'!!

Die saad wat Rabbynse Judaïsme saai is in vele opsigte die onkruid wat gesaai word terwyl die mense slaap (Matt. 13:24 tot 30)! Die woord vir *onkruid* in Grieks beteken *drabok*. Hierdie plant lyk tydens die groeistadium net soos koring, en dit is slegs die kundiges wat die ware koring van die drabok kan onderskei. Drabok is dus vals koring, en dit bevat ook 'n susmiddel wat mense goed laat voel. Rabbynse Judaïsme laat mense ook geestelik 'goed voel' en dit is die gevaar wat elkeen moet besef! Maar onthou:

*Bedrieglik en ernstig siek is die verstand, wil en emosie bo alle dinge; wie kan dit verstaan? Ek, יהוה, deursoek die verstand, wil en emosie, Ek toets die gedagtes, om aan elkeen te gee volgens sy lewenswyse, volgens die vrug van sy dade.* Jer. 17:9 en 10 – PWL.

Daarom: Volg Rabbi Yeshua en leer by Hom met die hulp van die Afgesonderde Gees **en vermy die die suurdeeg van Rabbynse Judaïsme – of wees minstens ernstig bewus van die gevare daarvan!**

*"**Let op na en wees versigtig vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs**."*
*Hulle het dit onder mekaar bespreek en gesê: "Dit is omdat ons geen brood gebring het nie,"*
*maar Yeshua het dit geweet en vir hulle gesê: "Kleintjies in vertroue, wat bespreek julle onder mekaar dat julle geen brood gebring het nie?*
*Verstaan julle tot nou toe nog nie en onthou julle ook nie die vyf brode en die vyf duisend en hoeveel groot mandjiesvol julle opgetel het nie?*
*Ook nie die sewe brode van die vier duisend en hoeveel ronde mandjiesvol julle opgetel het nie?*
***Hoe is dit dat julle nie verstaan dat Ek nie oor brood met julle gepraat het nie, maar om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs?"***
***Toe het hulle verstaan dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van brood nie, maar vir die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs***. Matt. 16:6 tot 12.

-o-o-o-o-o-o-o-

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*